Tel +27 21 870 2900 - Fax +27 21 870 2915 - Email info@hortgro.co.za - Website www.hortgro.co.za
258 Main Street, PO Box 163, PAARL 7620 - Hoofstraat 258, Posbus 163, PAARL 7620
HORTGRO (Pty)Ltd (Edms)Bpk - Reg No 2005/010343/07

HORTGRO TOEKENNINGS 2024

Die gesogte Hortgro-toekennings ter ere van uitskieters en staatmakers in die sagtevrugtebedryf is vanjaar op 31 Mei by die Lord Charles-hotel, in Somerset-Wes, gehou. Dit is die tweede keer dat Hortgro die toekenningsfunksie in 'n nuwe formaat, met die fokus op die kern- en steenvrugbedrywe, hou. Dié toekennings se wortels strek terug na 1972 toe die Kaapse Pomologie Vereniging bedryfsleiers vereer het. Vanjaar se uithaler-funksie is geborg deur Hortgro, First National Bank en Corteva.

Hortgro se uitvoerende direkteur, Anton Rabe, sê dat die landbou sektor geneig is om nie voldoende erkenning te gee aan mense wat oor tyd die sektor en onderskeie bedrywe dien nie. "Hortgro probeer met die toekennings, waarvan sommige nou al 'n lang geskiedenis het en gesogte toekennings geword het, uitnemendheid en onbaatsugtige diens aan die kern- en steenvrugbedrywe erken.

"Die ontvangers van vanjaar se verskillende toekennings dra by tot 'n reeds indrukwekkende lys van individue wat hul merk in landbou gemaak het."

Die wenners in die verskillende kategorieë was:

- Izithelo Media Toekenning: Francois Williams, Die Burger
- Daan Strydom Navorsing en Tegniese Toekenning: Dr. Stephanie Midgley
- Hortgro Transformasie Toekenning: Witzenberg PALS
- Hortgro Voorsitterstoekenning: Johan Hopkins
- 1662 Bedryfstoekenning: Dora Ndaba
- O.S.H. Reinecke Bedryfsleier Toekenning 2024: Pieter du Toit

Directors: NDV Dicey (Chairman) – A Petersen - A Rabe (Executive Director) - AJ Smit - U Speirs

Hortgro Izithelo Media Toekenning

Francois Williams

Francois Williams van die Kaapse dagblad, Die Burger se sake-redaksie, het die media toekenning gekry vir sy beriggewing die afgelope jaar oor die krisis by die Kaapstad-hawe, asook ander logistieke probleme wat die sagtevrugtebedryf geraak het. Francois se beriggewing was 'n toonbeeld van hoogstaande joernalistiek; gebalanseerd, onpartydig, kreatief, feitelik korrek, en dinamies. Francois kry dit reg om deurlopend nuwe perspektiewe en storie-hoeke van alle rolspelers te dek, sonder om sensasie na te jaag. In 'n wêreld wat verswelg word met foutiewe beriggewing en verlaagde media-etiek, is Francois se werk 'n baken van hoop en 'n voorbeeld vir ander joernaliste en bewys weereens die belangrike rol wat die media speel om alle rolspelers tot verantwoording te roep en die publiek ingelig hou.

Daan Strydom Navorsing En Tegniese Toekenning

Dr. Stephanie Midgley

Wanneer mens aan klimaatsverandering en navorsing dink, dink mens onwillekeurig aan dr. Stephanie Midgley, spesialis-navorser van die Wes-Kaap Departement Landbou en buitengewone professor by die Universiteit van Stellenbosch (US) se Departement Hortologie.

Oor die afgelope 33 jaar het Stephanie 'n bekende naam in die sagtevrugtebedryf geword. Veral wanneer daar oor klimaatsverandering en die impak op Landbou en natuurlike hulpbronne gepraat word.

Klimaatsverandering is een van die grootste kwelpunte vir die Suid-Afrikaanse sagtevrugtebedryf. Buitengewone weerverskynsels, droogtes en warmer weer is maar van die aspekte wat produksie kan knou.

Stephanie se loopbaan begin in 1991 as vrugte-tegnikus by Unifruco se kantoor in Londen. Hierna het sy verskeie rolle vervul onder andere by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biodiversiteit, die US, die Universiteit van Kaapstad, en ook as 'n onafhanklike konsultant.

Buiten haar werk oor klimaatsverandering het Stephanie ook navorsing gedoen oor die verbetering van Landbou produksie tegnieke, produk kwaliteit en die effektiewe gebruik van water in die produksieproses.

Stephanie se navorsing speel 'n toonaangewende rol nasionaal en internasionaal. Haar navorsing help die Suid-Afrikaanse sagtevrugtebedryf om klimaatsverandering beter te verstaan en sodoende veerkragtig en aanpasbaar toekomstige klimaatsuitdagings aan te pak.

Hortgro Transformasie Toekenning

Witzenberg PALS (Partners in Agri Land Solutions)

PALS Raad en afgevaardigdes by die 2022 Strategie-sessie 2022

PALS is 'n private grondhervormings- en ontwikkelingsinisiatief wat in 2015 in die Witzenberg (Ceres) area gestig is deur boere in vennootskap met plaaslike gemeenskappe en al drie regeringsfere (distrik, provinsiaal en nasionaal).

PALS het ten doel om 'n bemagtigende omgewing te skep en sodoende innoverende grondhervorming en inklusiewe landbougroei te implementeer wat in lyn is met die Grondwet en die Nasionale Ontwikkelingsplan.

Die PALS-inisiatief is gegrond op gesonde sakebeginsels, soliede regstrukture, mentorskap en opleiding van opkomende swart produsente en agri-preneurs om suksesvolle sake-eienaars te word, terwyl kwessies van volhoubaarheid, wantroue, ongelyke verhoudings en uittreestrategieë aangespreek word. PALS fokus nie net op ekonomiese verandering nie, maar sluit sosio-ekonomiese aspekte in, met die klem op die belangrikheid van 'n holistiese benadering tot grondhervorming en inklusiewe landbougroei en -ontwikkeling.

Onder PALS dra verskeie transformasie projekte vrug. Van die suksesse in die kern- en steenvrugbedryf sluit in, Eyethu Intaba, Kaja-boerdery, Thebelitsha-boerdery, Dwarsberg-boerdery, Bambisane, TSR Farming, La Vouere en KLP Agri om maar 'n paar te noem.

PALS se inisiatiewe het 'n blywende en verreikende impak op die individue en besighede wat gevestig is en demonstreer duidelik hul verbintenis tot volhoubare Landbou-ontwikkeling.

Hortgro Voorsitterstoekenning

Johan Hopkins

Nadat hy sy graad in sosiale wetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch verwerf het, werk Johan in Stellenbosch se landbougemeenskappe, onder andere as personeelbestuurder op verskeie primêre plase en daarna as Groepbestuurder Menslike Hulpbronne by Unifruco (nou Capespan). In 2001 stig hy sy eie maatskappy waar hy steeds die besturende direkteur is.

Gedurende sy loopbaan het hy onder andere spesiale vermelding van die destydse Kaapse Pomologie Vereniging ontvang vir sy bydrae tot hul menslike hulpbron program, is as genoot benoem deur die Instituut vir Personeelbestuur waar hy op die dagbestuur gedien het, en was ook 'n stigterslid van die Kaapse Agri Werkgewersorganisasie waar hy ook vir vyf jaar die hoof uitvoerende beampte was. Hy het op verskeie komitees gedien, insluitend die Afrikaanse Handelsinstituut en Agri SA se menslike hulpbronkomitee.

Johan het 'n leeftyd in die Landbou spandeer. Veral in die sagtevrugte- en wynbedryf. Sy spesialis kennis van menslike hulpbronne bestuur het oor 'n leeftyd `n groot rol gespeel om gesonde verhoudinge tussen werkgewer en werknemer te bewerkstellig.

Johan se kennis en begrip vir die mens binne die landbou omgewing, toon ook die liefde wat hy vir hierdie onderwerp het. Sy diepgaande kennis van landbou-arbeidskwessies maak hom 'n steunpilaar vir die bedryf. Johan Hopkins verdien die Voorsitterstoekenning vir 2024 vir 'n leeftyd van toewyding aan die sagtevrugtebedryf.

1662 Bedryfstoekenning

Dora Ndaba

Die 1662 Bedryfstoekenning herdenk die eerste twee appels wat in daardie jaar – 17 April om presies te wees – in die Kompanjiestuin aan die Kaap geoes is. Die pluk van die twee Witte Wijn Appels word simbolies beskou as die begin van die sagtevrugtebedryf in Suid-Afrika.

Vanjaar gaan die 1662-toekenning aan Dora Ndaba vir haar uitstaande bydrae oor dekades heen aan die Sagtevrugtebedryf spesifiek haar bydrae op bedryfsbestuur-strukture, en in die transformasie-sfeer van die bedryf.

Dora Ndaba se besigheidsloopbaan het in die 1970's nederig in die informele sektor begin. Vandaar groei sy tot aan die voorpunt van verskeie belangrike ekonomiese bemagtigingsinisiatiewe.

In 1981 word sy aangestel as die skakelbeampte vir die Foundation of African Business and Consumer Services (FABCOS). FABCOS het gedien as die sambreelliggaam vir 14 sake- en verbruikersorganisasies in die informele sektor, insluitend die South African Black Taxi Association, Black Builders Association, National Black Consumer Union, Tavern Association, Hawkers Association en die National Stokvels Association.

In 1991 is Dora die naaswenner van die gesogte Suid-Afrikaanse Sakevrou van die Jaar-toekenning. Haar aanleg en entrepreneurskap word goed gedemonstreer deur die bou van haar uiters suksesvolle besigheid, Ndaba Fresh Cut en in April 2019 ontvang sy Die Orde van die Baobab in silwer via die Presidensie.

In 1998 word Dora aangestel as Trustee van die Sagtevrugte Produsente Trust (SVPT) waar sy die Minister van Landbou en die Nasionale Landbou Bemarkingsraad verteenwoordig. In hierdie rol was sy betrokke by verskeie transformasie-inisiatiewe en haar kundigheid was 'n waardevolle aanwins vir die SVPT.

In 2005 tree sy uit die SVPT en word aangestel as die eerste Trustee van die Vrugtewerkers-Ontwikkelingstrust (VWOT) waarop sy vandag nog dien. Onder haar trusteeskap groei die trust vanaf R700 000 in 2005 tot R25 miljoen in 2024. Die VWOT het sedert 2005 reeds sowat R9 miljoen aan die begunstigdes – swart permanente plaaswerkers – uitbetaal.

Dora is steeds 'n bedryfsadviseur oor sake wat verband hou met die landbouprodukte en regeringsbeleid.

Dora word vereer vir haar onvermoeide ondersteuning, wysheid en leiding aan Hortgro en verwante strukture. Sy is 'n waardige ontvanger van die 1662 Bedryfstoekenning en 'n legende in eie reg.

O.S.H. Reinecke Bedryfsleier Toekening

Pieter Du Toit

Die gesogte O.S.H. Reinecke Bedryfsleier Toekenning gaan vanjaar aan Pieter du Toit, van die Dutoit Groep.

Pieter word allerweë as 'n visionêre en strategiese denker beskou. Iemand wie in staat is om groot besighede suksesvol en winsgewend te ontwikkel. Een van sy sterkste eienskappe is om finansiële kennis toe te pas in 'n besigheidsomgewing. Benewens sy besigheidskundigheid is Pieter 'n energieke passievolle mens met 'n groot liefde vir die natuur, fotografie, lugballon-vlieg en sport. Pieter is getroud met Deirdre, hulle het drie dogters en agt klein kinders.

Agtergrond

Pieter is van die vierde generasie van die Du Toit familiebesigheid, wat sedert 1893 in Witzenberg boer. Hy matrikuleer in 1973 aan Hoër Jongenskool Paarl en verwerf sy B. Rekeningkunde Graad in 1977 en sy Honneurs in 1978 aan die Universiteit van Stellenbosch.

Hy lê sy klerkskap af by Brink, Roos en Dutoit en slaag gedurende die periode sy Raadseksamens en kwalifiseer as geoktrooieerde rekenmeester. In 1982 sluit hy by die Dutoit Vrugte aan as administratiewe bestuurder en word die volgende jaar bevorder tot Besturende Direkteur vir Dutoit Vrugte. In Augustus 1989 word hy ook aangestel as Besturende Direkteur van Dutoit Groente en vorder mettertyd tot Hoof Uitvoerende Beampte van die Dutoit Groep.

Gedurende sy 42 jaar by Dutoit Groep het hy 'n groot bydrae gemaak in die groei van dié besigheid en sy filiale, Dutoit Agri, Dutoit Invest, Dutoit International en Libland.

Pieter het veral leiding geneem in die besigheid met die vestiging van finansiële stelsels en dissiplines. Hy was ook betrokke by die vestiging van die korporatiewe struktuur en beginsels.

Leierskap

Pieter speel 'n gewigtige rol as direkteur op verskeie landbou entiteite, asook in die sagtevrugtebedryfsorganisasies – waar hy vir ongeveer 10 jaar 'n SAAPPA-raadslid (SA Appel- en Peer Produsente Vereniging – nou Hortgro Pome) is en van 1994 tot 1996 eers as onder-voorsitter en toe as voorsitter dien.

Hy speel 'n deurslaggewende rol in die oorgang van die gereguleerde een-kanaal stelsel na die deregulering van die bedryf. Veral die implementering van 'n stabiele finansiële basis vir die bedryfstrukture, staan uit.

Pieter het ook die jare intens betrokke gebly by bedryfsfunksies en -dienste en senior bedryfspersoneel kon altyd op sy nommer druk om te help om sensitiewe kwessies te help oplos.

Mylpale wat onder Pieter se leierskap plaasgevind het:

- Die ontwikkeling en vestiging van die Dutoit handelsmerk.
- Die groei van Dutoit Groep tot 'n toonaangewende agri besigheid in die primêre Landbou, wat binne SA 'n groot rol speel en in die buiteland handel dryf met 42 lande.
- Die daarstel van verskeie verkoelingsaanlegte by Dutoit en ander maatskappye waar hy as direkteur gedien het.
- Die modernisering van verpakkingsaanlegte.
- Die omskakeling van 'n een-kanaal bemarkingstelsel na 'n gederguleerde bedryf.
- Die vestiging van die korporatiewe struktuur en beginsels.
- Buiten Dutoit het Pieter ook baie tyd spandeer aan bedryfsake as SAAPA Raadslid en Voorsitter.
- Pieter het ook op verskeie direksies gedien, onder andere Unifruco, Capespan en op 'n groot handelsbank se advieskomitee.

Pieter du Toit is 'n waardige ontvanger van die O.S.H. Reinecke Bedryfsleier Toekenning vir 2024.

DANKIE AAN ONS BORGE

For more information contact: info@hortgro.co.za